University of Pretoria etd- Changuion L A 2000

# DIE LEWE IN DIE SUID-AFRIKAANSE BOEREKRYGSGEVANGEKAMPE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

deur

**LOUIS ANNIS CHANGUION**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2000**

Leier : Prof. F. Pretorius

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**INHOUD**

Bladsy

Bylaes iv

Kaarte iv

Illustrasies v

Abstract/Opsomming vii

Inleiding 1

Hoofstuk 1: Britse beleid teenoor Boerekrygsgevangenes 7

Hoofstuk 2: Die ontstaan, ligging en organisasie van die vier kampe 11

1. Uitleg van die kampe 15

2. Veiligheidsmaatreëls 19

3. Militêre beheer oor die krygsgevangekampe 23

3.1 Die kampkommandant en sy pligte 24
3.2 Mediese dienste 26
3.3 Sanitêre en higiëniese maatreëls 26
3.4 Reëling van die posdiens 27
3.5 Die geldsake van die krygsgevangenes 28
3.6 Besoeke van vreemdelinge aan die krygsgevangekampe 29
3.7 Dissipline in die krygsgevangekampe 30

4. Interne organisasie 32
4.1 Die burgerkommandant 32
4.2 Lynkapteins 34

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



4.3 Tentkorporaals 35
4.4 Kommissariaat Departement 35

Hoofstuk 3: Kamplewe van die krygsgevangenes 37

1. Aankoms in die kampe en ontvangs van kampuitrusting 37

2. Tentlewe 39

3. Daaglikse roetine 42

4. Voedsel en etes 45

5. Vryetydsbesteding in die kampe 48

5.1 Spontane vermaak en speletjies 48
5.2 Debatsverenigings 50
5.3 Musiek- en sangverenigings en kampkonserte 52
5.4 Ander verenigings 54
5.5 Handbedrywighede 55
5.6 Vindingrykheid om geld te verdien 57
5.7 Sport en ontspanning 59
5.8 Ander tydverdrywe 64

6. Vertrek uit die kampe 67

Hoofstuk 4: Godsdiens en onderwys in die kampe 69

1. Predikante in die kampe 69

2. Godsdienstige byeenkomste en godsdienstige verenigings 73

3. Hernude godsdiensywer 75

4. Onderwys in kampe 76

Hoofstuk 5: Onaangenaamhede van gevangenskap 79

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



1. Aanpassing by nuwe omstandighede 79

2. Die behoefte aan nuus 83

3. Ledigheid en verveling 85

4. Verlange na huis en haard 86

5. Die verhouding tussen wagte en gevangenes 87

6. Siekte en sterftes in die krygsgevangekampe 89

Hoofstuk 6: Ontsnappingspogings uit die krygsgevangekampe 94

Hoofstuk 7: Vredeskomitees in kampe 100

1. Vredesagente en eedaflegging in die kampe 101

Hoofstuk 8: Die einde van die oorlog 106

Gevolgtrekking 109

Bronne 121

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAES**

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Bylaag 1 | Brief oor reëls ten opsigte van krygsgevangenes | 112 |
| Bylaag 2 | Rules and regulation regarding prisoners of war in camps | 114 |
| Bylaag 3 | Rules regarding letters | 116 |
| Bylaag 4 | Miscellaneous rules | 117 |
| Bylaag 5 | Rules concerning officer of the guard | 118 |
| Bylaag 6 | Camp routine | 119 |
| Bylaag 7 | Prosedure by die aflê van die eed van getrouheid | 120 |

**KAARTE**

| | | Teenoor bladsy |
|---|---|---|
| Kaart 1 | Ligging van die Boere krygsgevangekampe in Suid-Afrika | 3 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**ILLUSTRASIES**


| | | Teenoor bladsy |
|---|---|---|
| Figuur 1 | Groenpuntkamp, Kaapstad | 11 |
| Figuur 2 | South Camp, Simonstad | 12 |
| Figuur 3 | Bellevue-kamp, Simonstad | 13 |
| Figuur 4 | Tin Townkamp, Ladysmith | 13 |
| Figuur 5 | Skets van Groenpuntkamp | 15 |
| Figuur 6 | Skets van Groenpuntkamp | 15 |
| Figuur 7 | Kombuise, Simonstad | 16 |
| Figuur 8 | Kookhuise, Tin Town | 16 |
| Figuur 9 | Wasplekke, Groenpunt | 17 |
| Figuur 10 | Badkamers, Bellevue | 17 |
| Figuur 11 | Grey se winkel, Tin Town | 18 |
| Figuur 12 | Tente, Umbilo-kamp | 18 |
| Figuur 13 | Sinkplaatomheining, Sky View-kamp | 19 |
| Figuur 14 | Hek en omheining, Kamp nr. 1, Groenpunt | 19 |
| Figuur 15 | Britse skildwag | 20 |
| Figuur 16 | Heining, Bellevue-kamp | 22 |
| Figuur 17 | Heining, South Camp | 22 |
| Figuur 18 | Heining, Umbilo-kamp | 23 |
| Figuur 19 | Kol. H.C. Money en personeel, Groenpuntkamp | 23 |
| Figuur 20 | Boere offisiere, Groenpuntkamp | 33 |
| Figuur 21 | Krygsgevangenes in beestrokke | 37 |
| Figuur 22 | Aankoms te Kaapstad stasie | 37 |
| Figuur 23 | Aankoms by Groenpuntkamp | 38 |
| Figuur 24 | Oppad na Bellevue-kamp | 38 |
| Figuur 25 | Groepfoto | 39 |
| Figuur 26 | Ontvangs van kampuitrusting | 39 |
| Figuur 27 | Tentedorp, Groenpuntkamp | 40 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




| | | |
|---|---|---|
| Figuur 28 | Offisiere kwartiere, Bellevue | 40 |
| Figuur 29 | Skoonmaakdag, Bellevue | 41 |
| Figuur 30 | Tentvloere, Bellevue | 41 |
| Figuur 31 | Binnekant van hut, Tin Town | 42 |
| Figuur 32 | Binnekant van tent, Umbilo | 42 |
| Figuur 33 | Appèlparade, Bellevue | 43 |
| Figuur 34 | Inspeksie, Bellevue | 44 |
| Figuur 35 | Ontvangs van rantsoene, Tin Town | 46 |
| Figuur 36 | Skoonmaak van eet- en kookgerei, Bellevue | 46 |
| Figuur 37 | Groentetuin, Tin Town | 47 |
| Figuur 38 | Musiekinstrumente, Bellevue | 52 |
| Figuur 39 | Christy Minstrel-groep, Groenpuntkamp | 53 |
| Figuur 40 | Toneelgroep, Bellevue | 53 |
| Figuur 41 | Toneelgroep, Tin Town | 54 |
| Figuur 42 | Staatswapens in reliëf | 55 |
| Figuur 43 | Artikels in Bellevue-kamp vervaardig | 55 |
| Figuur 44 | Speelgoed, Bellevue | 56 |
| Figuur 45 | Vervaardiging van aandenkings, Tin Town | 56 |
| Figuur 46 | Voetbalspan, Groenpunt | 59 |
| Figuur 47 | Swemplek, Bellevue | 62 |
| Figuur 48 | Swemsessie, Bellevue | 62 |
| Figuur 49 | Godsdiensoefening, Groenpuntkamp | 73 |
| Figuur 50 | Bejaarde krygsgevangenes, Groenpuntkamp | 81 |
| Figuur 51 | Penkoppe, Tin Town | 81 |
| Figuur 52 | Kamphospitaal, Groenpuntkamp | 90 |
| Figuur 53 | Kamphospitaal, Tin Town | 91 |
| Figuur 54 | Begrafnis, Simonstad | 93 |
| Figuur 55 | Aankondiging van vredesvoorwaardes, Umbilo | 107 |
| Figuur 56 | Oppad terug | 108 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




## ABSTRACT

From the outset it became apparent that the British Military Authorities were unprepared to cope with huge numbers of Boer prisoners-of-war. The prisoner-of-war camps in Cape Town (Green Point) and Simon's Town (Bellevue) were hastily erected early in 1900 and later that year the military camps in Ladysmith (Tin Town) and Durban (Umbilo) were also turned into prisoner-of-war camps. After the British began sending Boer prisoners-of-war to camps in their overseas colonies, the prisoner-of-war camps in South Africa became transit-camps. Prisoners-of-war were continuously sent from the South African Camps to the overseas camps. Initially facilities in the South African camps fell short. The medical situation was especially deplorable. In the middle of 1900, after the British had realised that the war was going to last longer than only a few months, facilities in the camps were expanded considerably. Thereafter conditions in the camps improved. Green Point Camp was closed in November 1901, while Tin Town was transformed into a concentration camp. Only Bellevue and Umbilo were then used for the detention of prisoners-of-war. After peace was declared in May 1902, the two camps' roles were reversed. Prisoners-of-war were then transferred to Bellevue and Umbilo from overseas camps, before being sent to camps in their home districts.

**Key words:** Anglo-Boer War; prisoners-of-war; South Africa; Green Point; Simon's Town; Ladysmith; Durban; Green Point Track; Bellevue; Tin Town; Umbilo;

## OPSOMMING

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Britse militêre owerheid onvoorbereid was om groot getalle Boere-krygsgevangenes te hanteer. Vroeg in 1900 is inderhaas krygsgevangekampe in Kaapstad (Groenpunt) en Simonstad (Bellevue) opgerig en later is die troepekampe by Ladysmith (Tin Town) en Durban (Umbilo) ook vir dié doel ingerig. Nadat krygsgevangekampe ook in oorsese

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kolonies opgerig is, het die krygsgevangekampe in Suid-Afrika die karakter van oorgangskampe gekry. Krygsgevangenes is voortdurend van die Suid-Afrikaanse kampe na die oorsese kampe gestuur. Die geriewe in die Suid-Afrikaanse kampe het aanvanklik veel te wense oorgelaat, en veral die mediese toestande was betreurenswaardig. Teen die middel van 1900, nadat die Britte besef het dat die oorlog langer as net 'n paar maande sou duur, is die geriewe in die kampe aansienlik uitgebrei. Toestande in die kampe het daarna verbeter. Groenpuntkamp is in November 1901 gesluit, terwyl Tin Town in 'n konsentrasiekamp omskep is. Slegs Bellevue en Umbilo is daarna vir die aanhouding van krygsgevangenes gebruik. Na vredesluiting in Mei 1902 is die twee kampe se rol omgekeer. Krygsgevangenes is toe vanuit die oorsese kampe na Bellevue en Umbilo oorgeplaas, alvorens hulle na kampe in hulle eie distrikte gestuur is.

**Sleutelterme:** Anglo-Boereoorlog; krygsgevangenes; Suid-Afrika; Groenpunt; Simonstad; Ladysmith; Durban; Green Point Track; Bellevue; Tin Town; Umbilo.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## INLEIDING

In sy geheel gesien is die Anglo-Boereoorlog 'n wel deurtrapte studieveld waaroor daar reeds baie geskryf is. Daar is nietemin enkele aspekte van die Oorlog wat deur kultuurhistorici en historici agterweë gelaat is. Hieronder tel die lewe van die Boerekrygsgevangenes in Suid-Afrika tydens die Oorlog. Hierdie verhandeling sal hopelik 'n bietjie meer lig op die tema werp - spesifiek op die lewe van die Boerekrygsgevangenes in die kampe te Kaapstad, Simonstad, Ladysmith en Durban.

Die skrywer se belangstelling in die lewe in die krygsgevangekampe spruit uit briewe wat sy oupagrootjie, Louis John Stanley Changuion (1875-1960), vanuit Groenpuntkamp in Kaapstad aan sy meisie in Johannesburg geskryf het.[1] Louis John Stanley Changuion was lid van die Krugersdorp Kommando en is op 12 Julie 1900 gevange geneem en na Groenpunt gestuur. Buiten vir kort tydperke op transportskepe in die Kaapse en Simonstadse hawens, is hy in Groenpunt aangehou. In Julie 1901 het hy die eed van neutraliteit aan die Britse kroon afgelê het en is hy na 'n konsentrasiekamp in sy tuisdistrik, Krugersdorp, gestuur.[2]

Van die oomblik van hulle gevangeneming af tot met hulle uiteindelike vrylating is die Boere se lewens gereël deur Britse reëls en regulasies. Die doel van hierdie studie is om te kyk hoe die Boerekrygsgevangenes binne hierdie reëls en regulasies hulle lewe geslyt het. Om dit te kan doen, word die Britse beleid, asook die ontstaan en organisasie van die vier kampe, in die eerste twee hoofstukke uiteengesit. In die daarop volgende hoofstukke word die lewe van die krygsgevangenes dan onder die loep geneem. Aspekte wat ondersoek word is onder meer die minder aangename aspekte van gevangenskap, maar ook die behoudende faktore soos godsdiens en vorme van vryetydsbesteding.

---

1 Die genoemde briewe is in die besit van my vader.

2 Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria, P.M.O. 87: Prisoners of War received at Cape Town from Sept 1, 1900 to Nov. 29, 1900, p.2; TAB, Pretoria, S.O.P. 21, PR/A 1861: Telegram oor aflê van eed van neutraliteit, 1901.07.25.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Die Anglo-Boereoorlog was 'n oorlog tussen Brittanje en die gekombineerde magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat. Dit het van 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 geduur. Hierdie oorlog is hoofsaaklik gevoer om Britse opperheerskappy in Suid-Afrika te vestig. Vir die twee Boererepublieke was dit 'n verdedigende oorlog. Die verloop van die oorlog kan in twee hooffases verdeel word: die tydperk van konvensionele oorlogvoering, van Oktober 1899 tot Augustus 1900, en die guerrilla-fase van September 1900 tot en met die vredesluiting in Mei1902.[3]

Ten spyte van aanvanklike oorwinnings oor die Britte, het die gety in Februarie 1900 teen die Boere-magte begin draai. Op 13 Maart 1900 het Bloemfontein, die Vrystaatse hoofstad, en op 5 Junie 1900 Pretoria, hoofstad van die Z.A.R., in Britse hande geval. Tog was die stryd nie verby soos die Britte gehoop het nie. Na Maart 1900 het die Boere geleidelik 'n guerrilla-tipe oorlog begin voer. Van September 1900 af het hulle heeltemal van konvensionele oorlogvoering afgesien.[4]

Om die Boere se guerrillastryd te kortwiek, het die Britte 'n verskroeide aarde beleid, gekombineer met konsentrasiekampe en 'n stelsel van blokhuise en dryfjagte toegepas. Die vegtende Boere het dit al hoe moeiliker gevind om voorrade te bekom en om die blokhuislinies en dryfjagte te ontduik. Bowe alles het die toestande in die konsentrasiekampe groot sorg gebaar. Onder hierdie omstandighede het afgevaardigdes van die burgers te velde in vredesonderhandelinge met die Britse owerheid betrokke geraak. Dit het uiteindelik uitgeloop op die ondertekening van die vredesverdrag in Pretoria op 31 Mei 1902.[5]

Reeds kort na die aanvang van die Anglo-Boereoorlog was daar krygsgevangenes aan beide kante. Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Britse owerheid onvoorbereid was om die


---

3 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 10-13; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 133-137.

4 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 14 e.vv.; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 137-139.

5 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 31-35; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 137-139.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Kaart 1:** Ligging van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika: Groenpuntkamp in Kaapstad, Bellevue in Simonstad, Tin Town in Ladysmith en Umbilo in Durban.

(Kaart aangepas uit Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.)

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



groot aantal republikeinse krygsgevangenes te huisves. Die gevangenes is aanvanklik op transportskepe in Simonsbaai aangehou. Nadat die kampe in Kaapstad (Groenpunt) en Simonstad (Bellevue) voltooi is, is die krygsgevangenes onderskeidelik in Januarie en Februarie 1900 daarheen oorgeplaas. Nuwe krygsgevangenes is ook van Desember 1899 af in die kampe te Ladysmith (Tin Town) en Durban (Umbilo) aangehou.[6] (Sien Kaart 1)

Na die massa oorgawe van generaal Piet Cronjé op 27 Februarie 1900, het die Britse owerheid besluit om krygsgevangekampe in van sy oorsese kolonies op te rig. Van April 1900 af, toe die eerste krygsgevangenes in St. Helena aangekom het, het die krygsgevangekampe in Suid-Afrika die karakter van oorplasingskampe verkry - krygsgevangenes is voortdurend vanuit die Suid-Afrikaanse kampe na die 31 oorsese kampe gestuur.[7]

Soos hierbo genoem het daar nog nie veel wetenskaplike werke oor die krygsgevangekampe in Suid-Afrika verskyn nie. Dit blyk dat die oorsese krygsgevangekampe, in teenstelling hiermee, meer belangstelling onder historici geniet. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die skaarste aan bronne oor die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe. Krygsgevangenes is meesal net tydelik in die Suid-Afrikaanse kampe aangehou voordat hulle vir die duur van die oorlog na die oorsese kampe gestuur is. In die oorsese kampe het daar gevolglik 'n meer permanente kamplewe ontwikkel, met al sy fasette, en is daar 'n groter skat van bronne nagelaat.

Die wetenskaplike (sekondêre) bron wat vir hierdie studie ongetwyfeld die waardevolste was, is S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975). Oosthuizen gee 'n omvattende beeld van die krygsgevangenes tydens die Oorlog. Te verstane het hy elke kamp nie in groot besonderhede bespreek nie, en handel die grootste deel van die werk oor die kampe en krygsgevangenes in die algemeen. Dit is moontlik die grootste leemte van hierdie bron - die feit dat inligting oor 'n spesifieke kamp moeilik daaruit verkry word. As beginpunt vir enige verdere studie oor die krygsgevangenes is hierdie bron nietemin baie handig.

---

6 Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, pp. 1553-1554; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 508.

7 O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 24.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Ander wetenskaplike bronne wat van groot waarde was, is dié van C.J. Barnard, *Die vyf swemmers. Die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon, 1901* (Kaapstad, 1988) en L.A. Visagie, *Terug na kommando* (Kaapstad, 1932). Hoewel die inligting oor veral Kamp nr 1 op Groenpunt slegs 'n klein gedeelte van beide werke uitmaak, bevat albei bronne tog waardevolle inligting oor die kamp en die lewe van die krygsgevangenes daar. Leemtes in Barnard se werk is dat die bronverwysings soms vaag is, wat opvolgwerk moeilik maak. Visagie het weer vanuit 'n Afrikanernasionalistiese standpunt sy werk benader.

Verder is daar ook F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Verslag voorgelê aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling, Pretoria, 1992). Hierdie werk is deeglik nagevors en was veral van waarde ten opsigte van fisiese vryetydsbesteding in die kampe.

Kotie Roodt-Coetzee se bydrae in J.H. Breytenbach se *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949) en ook haar verskeie artikels in *Die Huisgenoot* werp ook goeie lig op die lewe van die krygsgevangenes. Haar tydskrifartikels is veral belangrik omdat dit eerstehandse mondelinge oorleweringe van oud-krygsgevangenes bevat.

Die res van die sekondêre bronne bied meesal net 'n kort oorsig oor die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog. Hier en daar bevat elk van hierdie bronne tog inligting wat van nut was vir die studie oor die Suid-Afrikaanse kampe. 'n Leemte by al die tydskrifartikels is dat almal neig om te veralgemeen oor die krygsgevangenes en die krygsgevangekampe, en dat inligting oor spesifiek die Suid-Afrikaanse kampe besonder skaars is.

Naas die genoemde werk van S.P.R. Oosthuizen, was die bronne (in hierdie geval primêre bronne) wat van die grootste waarde was, die dagboeke van krygsgevangenes. Die dagboek van Hugo van Niekerk[8] moet uitgesonder word. Van Niekerk was van Maart 1900 tot Januarie 1901 in Groenpuntkamp. In hierdie tyd het hy waardevolle inligting oor die daaglikse lewe in Groenpuntkamp opgeteken. Sonder hierdie dagboek sou daar moeilik 'n betroubare beeld van

---

[8] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor). *Christiaan de Wet-Annale 1*, Bloemfontein, 1972.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die lewe in Groenpunt geskep kon word.

Die oorlogsjoernaal van S.J. Burger[9] en die *Gedachtenis Boek* van G.S. de Villiers[10], bied soos die dagboek van Hugo van Niekerk, ook 'n eerstehandse blik op die lewe in Groenpuntkamp. Beide Burger en De Villiers het oorsigtelik die kamplewe beskryf. Die gevolg is dat die twee bronne nie op so 'n uitgebreide skaal as dié van Hugo van Niekerk gebruik is nie.

Inligting uit dagboeke oor die lewe in die ander drie kampe is baie skaars. Inligting oor die lewe te Simonstad is onder meer uit O.J.O. Ferreira, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers* (Pretoria, 1977) verkry. Rocco de Villiers[11] en ook J.A. de Villiers[12] het weer inligting oor die lewe in Tin Town, Ladysmith, nagelaat. Die ander dagboeke wat geraadpleeg is, het slegs geringe inligting oor die kamplewe in die Suid-Afrikaanse kampe bevat. Die krygsgevangenes se oorsese aanhouding word in veel meer besonderhede in die dagboeke beskryf.

Sonder die amptelike dokumente wat geraadpleeg is, sou hierdie studie oor die kamplewe nie geskryf kon word nie. Veral die Argief van die Stafoffisier vir Krygsgevangenes[13] was onmisbaar in hierdie verband. Inligting wat spesifiek op die vier Suid-Afrikaanse kampe van toepassing is, is taamlik yl tussen die duisende stukke versprei. Die inligting het nietemin dikwels gehelp om onsekerhede, wat nie deur die ander bronne opgeklaar word nie, uit die weg te ruim.

Ander bronne wat ook vermeld moet word, is die twee kampkoerantjies, *The Tick*[14] (uit Umbilokamp) en *The Skyview Parrot*[15] (uit Groenpuntkamp). Albei hierdie publikasies bied 'n direkte

---

9 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...* (red. T. van Rensburg). Pretoria, 1977.

10 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers-aanwins, Gedachtenis Boek van G.S. de Villiers.

11 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor). *Christiaan de Wet-Annale 3*, Bloemfontein, 1975.

12 Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), Kaapstad, A 630, De Villiers, J.A., Dagboek.

13 TAB, Pretoria, Argief van die Stafoffisier vir krygsgevangenes in Kaapstad, 1900-1903. S.O.P. Vol 1-64.

14 KAB, Kaapstad, A 24 *The Tick. A weekly publication by & for prisoners of war.*

15 Suid-Afrikaanse Biblioteek (hierna SAB), Kaapstad, MSB 684, The Skyview Parrot.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



blik op die lewe in die onderskeie kampe en laat 'n mens meeleef in die lewe van die krygsgevangenes. *De Kerkbode,*[16] weekblad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verdien ook uitsondering. Dit bevat hoofsaaklik inligting oor die godsdienstige aktiwiteite in die kampe en is dikwels die enigste bron in daardie verband.

Soos genoem, het briewe van die skrywer se oupagrootjie aanleiding tot die navorsing van hierdie tema gegee. Hierdie briewe werp veral lig op die gemoedstoestand van die betrokke krygsgevangene. Hier en daar kom daar in die briewe inligting oor die daaglikse lewe en bedrywighede van die krygsgevangenes na vore. Alhoewel die briewe interessant is om te lees, was hulle nietemin nie van groot waarde in hierdie studie nie. Die meerderheid van die briewe is wel uit Sky View-kamp (vergelyk hieronder) geskryf, en was dikwels die enigste bron van inligting oor die kamp.

Die teks in hierdie studie word herhaaldelik deur middel van foto's toegelig. Net soos die geskrewe primêre bronne, bied die foto's 'n eerstehandse kykie op die lewe van die krygsgevangenes, en mag hulle waarde nie onderskat word nie.

Erkenning word hiermee gegee aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling vir sy finansiële steun, waarsonder hierdie navorsing nie moontlik sou wees nie.

[16] *De Kerkbode: Het weekblad van der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, Kaapstad 1899-1902.